# Die ingeborenheid-hipotese[1] van die TGG[2] en Dooyeweerd se filosofie

A.W. Coetzee
Dept. Klassieke & Semitistiek
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**The innateness hypothesis of the transformational generative grammar (TGG) and the philosophy of Dooyeweerd**

*In this article certain presuppositions of the innateness hypothesis of the TGG are judged by comparing it to aspects from the philosophy of Dooyeweerd. It is indicated that: (i) the TGG as well as Dooyeweerd postulates a radical structural distinction between man and animal but on different grounds; (ii) the intertwined unity of human nature is not fully recognised by the TGG; (iii) the complementary role of man and reality in determining the structure of knowledge is acknowledged by both the TGG and Dooyeweerd. On these grounds it is stated that the TGG can not uncritically be accommodated into Dooyeweerd's philosophical framework.*

## 1. Probleemstelling

Die TGG is in 'n sekere mate 'n reaksie op die behavioristiese beskouings van taal. Gevolglik is daar baie aspekte waarop dié twee strominge in die taalkunde van mekaar verskil. Hierdie verskille lê egter ook veel dieper as wat die geval op die oog af blyk te wees – dit is gewortel in verskillende aksiomas, verskillende vertrekpunte, verskillende beskouings van die werklikheid. Die behavioristiese taalkunde werk met die idee van die mens as 'n *tabula rasa*, 'n skoon bladsy wat deur sy ervarings gevul word. Die mens weet dus aanvanklik niks van taal nie en soos wat hy aan taalgebruik blootgestel word, word sy bladsy ingevul en leer hy taal aan deur nabootsing. Die TGG verwerp hierdie

---

1 "Innateness" en verwante terme word in hierdie artikel vertaal met "ingeborenheid" en verwante terme.

2 Transformasioneel generatiewe grammatika.

idee en gaan van die veronderstelling uit dat die mens sekere ingebore idees het wat bepaal hoedat hy die stimuli uit die werklikheid ervaar en interpreteer. Hierdie strydpunt tussen die twee strominge in die taalkunde is wel bekend en duur steeds voort.[3]

Dit is nie die doel van dié artikel om hierdie debat verder te voer nie – daar blyk geen finale antwoord in die debat te wees nie. Die doel van die artikel is eerder om een van die twee standpunte te neem (naamlik dié van die TGG) en enkele aspekte daarvan te vergelyk met die Christelike standpunt, naamlik met dié van Dooyeweerd, aangesien dit wil voorkom of so 'n ondersoek nog nie vantevore gedoen is nie. Die wetenskaplike meriete al dan nie van die TGG word voortdurend en indringend bespreek. Of dit in ooreenstemming met die Christelike leer is, word egter nooit gevra nie. Gevolglik is die vraag wat in hierdie artikel ondersoek word in hoe 'n mate die filosofiese vooronderstellinge wat die TGG onderlê, versoenbaar is met die Christelike filosofie van Dooyeweerd. Aangesien die TGG vandag steeds (in vele vorme) 'n belangrike taalmodel is wat taalnavorsing en -onderrig aan vele universiteite beïnvloed, is dit noodsaaklik om te bepaal of dit wel Bybels geregverdig is.

## 2. Hipotese

Die basiese hipotese van hierdie artikel is dat die TGG se vooronderstellinge nie heeltemal versoenbaar is met Dooyeweerd se filosofie nie. In breë trekke stem die twee beskouings wel ooreen: volgens Dooyeweerd is die mens subjek in al die modaliteite, maar die dier net tot by die psigiese modaliteit – in die hoëre modaliteite is diere bloot objekte. Dit kan verder aangetoon word dat die talige vermoë van die mens hoër as die psigiese modaliteit gesetel is. Die mens verskil dus struktureel van die dier. Hierdie strukturele verskil kan nie 'n verworwe verskil wees nie – dan is dit nie werklik deel van die struktuur van die mens nie. Dié strukturele verskil moet aangebore wees – sodat selfs 'n baba wat nog geen taal kan gebruik nie wel struktureel van die dier verskil. Hierdie aangebore strukturele verskil tussen mens en dier ten opsigte van taalvermoë kan geïdentifiseer word met wat die TGG beskou as die ingebore vermoëns van die mens se talige vermoë.

Hierdie objeks- en subjeksfunksies is egter nie die belangrikste onderskeid tussen mens en dier in Dooyeweerd se filosofie nie. Die mens se uniekheid is

---

3 Vergelyk in hierdie verband Chomsky (1965:47 e.v.) wat die verskil tussen die twee benaderings omvattend bespreek en aandui waarom hy die rasionalistiese benadering verkies.

primêr geleë in sy religieuse hart of wortel wat gerig is tot God – 'n eienskap wat die dier nie het nie. Hiervan gee die TGG geen rekenskap nie.

Alhoewel die TGG (soms) as vooronderstelling die eenheid van die menslike natuur erken, het hierdie veronderstelling baie min tot geen invloed op die wyse waarop hulle uiteindelik met taal omgaan nie. Die TGG gee dus nie genoegsame erkenning aan die enkaptiese geheelstruktuur van die mens nie.

Wat kennisverwerwing betref, stem die TGG grotendeels ooreen met Dooyeweerd se standpunt.

Daar is dus wel vormlike ooreenkomste tussen die TGG en Dooyeweerd se filosofie. Op die fundamentele beginsels met betrekking tot die menslike natuur verskil die twee teorieë egter integraal. Om hierdie rede kan die TGG nie sonder voorbehoud aanvaar word nie; die tekortkominge in die teorie moet erken word.

## 3. Argumentasielyn

Hierdie artikel word in die volgende hoofpunte aangebied: (1) Enkele vooronderstellinge van die ingeborenheid-hipotese van die TGG. In hierdie afdeling word veral gebruik gemaak van Chomsky (die vader van die TGG) se geskrifte. (2) Aspekte uit die modaliteiteleer van Dooyeweerd. Hier word slegs enkele onderwerpe uit die uitgebreide filosofie van Dooyeweerd aangeraak, naamlik daardie aspekte wat vir die vergelyking met die voorafgaande bespreking oor die TGG ter sake is. (3) 'n Beoordeling van die TGG se vooronderstellinge na aanleiding van die bespreking van Dooyeweerd se filosofie.

Dit word wel erken dat Dooyeweerd hom nie ten doel gestel het om 'n taalteorie daar te stel nie en omgekeerd dat die TGG nie pretendeer om 'n volledige filosofie te wees nie. Tog moet ook aanvaar word dat enige taalteorie (inderdaad enige wetenskaplike teorie) gebaseer is op sekere ontologiese veronderstellinge. Net so moet erken word dat Dooyeweerd 'n kosmologie probeer daarstel en dat hy dus noodwendig oor die mens en sy talige vermoë moet praat. Dit is dus wel legitiem om dié twee teorieë met mekaar te vergelyk.

## 4. Enkele vooronderstellinge van die TGG se ingeborenheid-hipotese

In hierdie afdeling van die artikel word die sogenaamde ingeborenheid-hipotese van die TGG bespreek, en word veral gefokus op drie vooronderstellinge daarvan, naamlik (i) die radikale onderskeid tussen mens en dier, (ii) die rasionale wese van die mens, en (iii) die kennisverwerwingsproses van die mens. Dit word gedoen deur eers 'n (kort) verduideliking te gee van wat dié

hipotese is en hoe dit gewoonlik gemotiveer word, en deur dan op grond van die bespreking die drie vooronderstellinge te formuleer.

## 4.1 Die ingeborenheid-hipotese

Chomsky beweer dat sy taalteorie gebaseer is op die tradisie van die rasionalistiese filosofie van die sewentiende eeu, en spesifiek op die filosofie van Descartes. Chomsky het inderdaad dan ook baie moeite gedoen om hierdie aanspraak van hom te bevestig, in so 'n mate dat hy reeds vroeg in sy loopbaan 'n hele boek geskryf het om sy verwantskap met Descartes aan te toon, naamlik *Cartesian Linguistics* (1966).[4] Wat is dan hierdie ooreenkoms met Descartes waarop Chomsky aanspraak maak?

Descartes was gewikkel in 'n stryd met empiriste (soos Locke) oor die presiese aard en eienskappe van die menslike rede (*mind*). Die empiriste (later nagevolg deur die behavioriste) het gestel dat die menslike rede aanvanklik soos 'n leë bladsy (*tabula rasa*) is. Al wat die rede voor enige waarneming bevat, is 'n bepaalde vermoë om waar te neem, om vanaf hierdie waarnemings te abstraheer, en om verbande tussen verskillende waarnemings te kan eien. Hoe waargeneem word en wat waargeneem word, word slegs deur die waarneming self bepaal – slegs deur die stimuli van buite.[5] Die rasionaliste daarenteen, het voorgehou dat die menslike rede gepredisponeer is om op 'n sekere manier waar te neem en om sekere dinge waar te neem, dit wil sê die menslike rede het sekere ingebore duidelike idees wat nie net waarneming en verbandlegging moontlik maak nie, maar ook bepaal wat waargeneem word en hoe dit waargeneem word.[6]

---

4 Daar is heelwat dispuut oor presies hoe Cartesiaans Chomsky se taalkunde is. Hyself is bewus van die kontroversiële aard van sy aanspraak (Chomsky, 1971:72). Vergelyk ook Leiber (1991) wat 'n hele opstel aan hierdie dispuut wy. Hierdie stryd is egter nie die onderwerp van dié artikel nie.

5 Vergelyk Locke (1825:II:15; oorspronklik 1690) oor die proses van kennisverwerwing: "The senses at first let in particular ideas, and furnish the yet empty cabinet; and the mind by degrees growing familiar with some of them, they are lodged in the memory, and names got to them. Afterwards, the mind proceeding further, abstracts them, and by degrees learns the use of general names. In this manner the mind comes to be furnished with ideas and language, the materials about which to exercise the discursive faculty."

6 Vergelyk byvoorbeeld wat Descartes (1647; Haldane & Ross, 1911:442-443) gesê het oor aangebore idees: "... any man who rightly observes the limitations of the senses, and what precisely it is that can penetrate through this medium to our

Chomsky sluit aan by hierdie idee van die rasionaliste. Volgens hom beskik die menslike rede oor 'n sekere ingebore vermoë om taal te kan aanleer. Hierdie taalverwerwingsvermoë bepaal wat waargeneem word as taal (help die mens dus onderskei tussen taal en geraas), maar bepaal ook hoe dit waargeneem word (klassifiseer en ontleed dus die stimuli volgens sekere definitiewe beginsels). Hierdie taalverwerwingsvermoë van die mens bestaan dus uit 'n stel universele voorwaardes wat die vorm van enige menslike taal beperk. Oor hierdie voorwaardes sê Chomsky (1975:89):

> Such universal conditions are not learned; rather, they provide the organizing principles that make language learning possible, that must exist if data is to lead to knowledge. By attributing such principles to the mind, as an innate property, it becomes possible to account for the quite obvious fact that the speaker of a language knows a great deal that he has not learned.

Die menslike rede is dus nie leeg by geboorte en word daarna deur waarneming ingevul nie. Die menslike rede het sekere ingebore idees, waarvan hierdie taalverwerwingsvermoë een is. Die taalverwerwingsvermoë bestaan uit 'n stel voorwaardes wat die moontlike vorm van enige menslike taal bepaal. Dit is dus nie taalspesifiek nie, maar taaluniverseel. Die taalverwerwingsvermoë van die mens stel hom dus in staat om enige menslike taal aan te leer, afhangende van die taalblootstelling wat hy kry (Chomsky, 1965:57-59).

Nog 'n baie belangrike beginsel waarvan hier kennis geneem moet word, is dat die taalverwerwingsvermoë van die mens nie selfstandig tot taalbeheersing kan lei nie. Taalverwerwing is 'n vermoë wat geaktiveer moet word deur stimuli, anders bly dit bloot 'n latente vermoë. Chomsky (1975:92) sê: "Of course, what is latent in the mind in this sense may often require appropriate external stimulation before it becomes active ...". Chomsky ontken dus nie die rol wat taalstimuli in taalverwerwing speel nie: in vergelyking met die behavioriste ken hy bloot 'n baie klein rol daaraan toe. Dit is nie die vormende beginsel van die menslike taalbeheersing nie, maar net die vonkie wat die ingebore vermoë

faculty of thinking must needs admit that no ideas of things, in the shape in which we envisage them by thought, are presented to us by the senses. So much so that in our ideas there is nothing which was not innate in the mind, or faculty of thinking, except only these circumstances which point to experience – the fact, for instance, that we judge that this or that idea, which we now have present to our thought, is to be referred to a certain extraneous thing, not that these extraneous things transmitted the ideas themselves to our minds through the organs of sense, but because they transmitted something which gave the mind the occasion to form these ideas, by means of an innate faculty, at this time rather than at another."

laat ontvlam en verder ontwikkel.[7] Nog 'n belangrike opmerking wat hier gemaak moet word, is dat die menslike rede ook nie onafhanklik die spesifieke taal wat aangeleer word, bepaal nie. Die taalstimuli speel hierin die grootste rol. As 'n kind blootgestel word aan Russies kan hy tog nie op grond van hierdie blootstelling Engels aanleer nie. Alhoewel die ingebore taalverwerwingsvermoë dus die leidende funksie in taalverwerwing vervul, is dit nie algeheel vry nie. Dit is vry binne die perke van die blootstelling.

Nog een element van Chomsky se idee van ingeborenheid verdien aandag, naamlik dat hierdie ingebore kennis heeltemal onbewustelik is.[8] Die mens maak dus gebruik van hierdie aanleg van hom in die aanleer van taal en in die gebruik van reeds aangeleerde taal sonder dat hy dit besef. Spraak word immers geproduseer op 'n amper spontane wyse sonder dat die taalgebruiker bewustelik dink aan grammatikale reëls en beperkings. Die mens het dus nie outomaties kennis van hierdie taalvermoë van hom nie. Dit is een van die grootste probleme van die generatiewe linguis – hy wil iets bestudeer wat in die menslike rede gesetel is, maar waarvan die mens nie bewus is nie.

Hierdie is 'n oorsigtelike en baie onvolledige weergawe van die ingeborenheid-hipotese van die TGG, maar al die aspekte daarvan wat vir die doel van hierdie artikel as belangrik geag word, is wel aangeraak.

## 4.2 Die motivering van hierdie hipotese

Aangesien veel afgelei kan word oor die wyse waarop vooronderstellinge gewoontlik uit die ingeborenheid-hipotese gemotiveer word, word hier ook aan die vernaamste van hierdie motiverings aandag gegee.

---

7 Vergelyk byvoorbeeld die gevalle waar kinders as gevolg een of ander gebeurtenis grootgeword het sonder enige kontak met ander mense: nie een van die kinders het spontaan leer praat nie. Daar was dus geen talige stimuli wat die taalverwerwingsvermoë kon aktiveer om dit te bring tot 'n taalbeheersingsvermoë nie. Custance (1994:309 e.v.) bespreek verskeie voorbeelde van sulke kinders.

8 Vergelyk Chomsky (1988:26) se bespreking van die kind se vermoë om baie fyn klanknuanses te kan onderskei. Hierdie onderskeidingsvermoë van die kind is gegrond op 'n intuïtiewe kennis wat hy het van die beginsels van die fonologiese werking van taal, van hoe foneme betekenisonderskeidend kan optree. Chomsky sê dat die kind hierdie hele handeling van klankonderskeiding uitvoer "not consciously, of course". Soos wat die kind in hierdie situasie nie bewus is van hierdie ingebore kennis van hom nie, so is die mens oor die algemeen ook totaal onbewus van hierdie ingebore idees oor taal wat sy taalwaarneming en taalgebruik reël.

Een van die mees algemene motiverings wat gebruik word vir die ingeborenheid-hipotese (en teen die naboots-hipotese vir taalverwering van die behavioriste), is die ongrammatikale aard van die taalstimuli wat die kind ontvang en die beperkte hoeveelheid stimuli waaraan die kind blootgestel word (Chomsky, 1965:58; 1975:22, 26).

Wat die ongrammatikale aard van taalblootstelling betref, kan die volgende opgemerk word: As die kind taal aanleer, deur nabootsing van die taal waaraan hy blootgestel word – soos wat die behavioriste voorhou – dan sou verwag kon word dat hy 'n taalvermoë moet ontwikkel wat in vele opsigte ongrammatikaal sal wees. Die aanvanklike talige blootstelling van die kind is immers gewoonlik nie aan grammatikaal welgevormde sinne nie. Tog leer die kind baie gou om nie ongrammatikale sinne te vorm nie. Hy moet dus een of ander ingebore vermoë hê waarmee hy kan onderskei tussen sinne wat grammatikaal moontlik is (wat voldoen aan die universele linguistiese vereistes waaruit die ingebore taalvermoë bestaan), en wat grammatikaal onaanvaarbaar is (wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie).

Die feit dat die kind spoedig in staat is om taal bevoeg te kan gebruik ten spyte van die beperkte blootstelling wat hy kry, hou verband met wat Chomsky beskou as die kreatiewe aspek van taalgebruik (vgl. Chomsky, 1965:57-58). Enige mens wat 'n taal bemeester het, is in staat om voortdurend nuwe grammatikaal aanvaarbare sinne te genereer en om sulke gegenereerde sinne te kan verstaan. As die mens taal bloot deur middel van nabootsing van stimuli aangeleer het, sou hy taal nie so kreatief kon gebruik nie. Bowendien is die mens in staat om grammatikale reëls toe te pas wat nie op grond van nabootsing van stimuli of die abstrahering uit stimuli geleer kan word nie.[9]

9 Vergelyk die volgende voorbeeld wat Chomsky self gebruik (1975:30-32): 'n Kind leer gou dat 'n algemene vraag in Engels gevorm kan word deur die werkwoord na die beginposisie in die sin te verskuif. *The man is tall.* ➔ *Is the man tall?* Dit kan moontlik deur nabootsing geleer word. Net so gou weet die kind egter dat hierdie reël struktuur-afhanklik is, dit wil sê dat nie enige werkwoord vorentoe verskuif kan word nie, maar dat die werkwoord van die hoofsin verskuif moet word. *The man who is tall is in the room.* ➔ **Is the man who tall is in the room?* ➔ *Is the man who is tall in the room?* Daar is geen manier waarop 'n kind hierdie abstrakte sinsontledings en die struktuur-afhanklikheid van die reël uit nabootsing en abstrahering kan leer ken nie. Die beginsel dat reëls struktuur-afhanklik is en die wyse waarop sinne ontleed word, is linguisties universeel en deel van die ingebore talige vermoë van die mens.

Die laaste motivering wat hier aandag geniet, is die feit dat alle menslike tale sekere strukturele ooreenkomste vertoon (vgl. Chomsky, 1975:78 e.v.). Alle menslike tale het 'n sekere basiese struktuur. Daar is geen rede binne 'n suiwer behavioristiese teorie van taalverwerwing waarom dit noodwendig so moet wees nie. As taal bloot deur nabootsing aangeleer word, is dit immers teoreties baie moontlik dat elke afsonderlike taal 'n totaal unieke struktuur kan vertoon – daar is immers niks wat vooraf die struktuur van die taal bepaal nie. Die TGG hou dan voor dat die ingebore vermoë van die menslike rede bestaan uit 'n versameling van beperkings en voorwaardes waaraan enige menslike taal moet voldoen. Die universele taalstruktuur word dus bepaal deur die ingebore taalvermoë van die mens. As gevolg van hierdie ingebore beperking op die menslike rede is dit noodsaaklik dat alle tale een basiese struktuur moet hê – die mens is nie in staat om enige taal aan te leer wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie.

## 4.3 Drie vooronderstellinge van die ingeborenheid-hipotese

Een van die heel belangrikste vooronderstellinge van die ingeborenheid-hipotese is dat daar 'n baie radikale onderskeid tussen mens en dier gehandhaaf moet word, en hierdie onderskeid word gemaak juis op grond van die ingebore vermoë van die mens. Chomsky (1988:37) sê in hierdie verband: "It is also worth bearing in mind that the language faculty does appear to be a unique human possession." Buiten dat die ingebore vermoë universeel menslik is (Chomsky, 1988:38-39), is dit ook uniek menslik – geen ander spesie op aarde beskik daaroor nie. Hierdie aanname berus natuurlik op die veronderstelling dat geen vorm van dierlike kommunikasie vergelyk kan word met menslike talige kommunikasie nie (Chomsky, 1988:38) en dit impliseer ook die verwerping van die geslaagdheid van die behavioristiese eksperimente waarin gepoog is om diere (veral sjimpansees) taal aan te leer.[10]

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat hierdie ingebore vermoë waaroor die mens beskik en op grond waarvan hy van die dier onderskei word nie 'n verworwe vermoë is nie. Dit is 'n strukturele deel van die mens se wese, iets waarmee hy gebore word. Selfs 'n klein babatjie wat nog geen talige vermoëns verwerf het nie, beskik oor die vermoë om wel taal te kan verwerf en het dus hierdie ingebore vermoë. Hierdie verskil tussen mens en dier is dus 'n wesentlike synsverskil.

Uit die ingeborenheid-hipotese is ook iets af te lei oor die verhouding wat

10 Vergelyk Atkinson *et al.* (1982:14 e.v.) vir 'n kort bespreking van die vernaamste van hierdie eksperimente met sjimpansees.

veronderstel word tussen die mens en die res van die werklikheid. Die empirisme wil dat die werklikheid die vormende beginsel moet wees, en dat die mens dus ook deur die werklikheid gevorm word. Die mens is dus 'n produk van sy omgewing en die werklikheid waarbinne hy hom bevind. Met die verwerping van die empirisme (en die behaviorisme wat daaruit voortgevloei het), verwerp Chomsky ook hierdie vormende invloed van die werklikheid. Die menslike rede beskik oor sekere ingebore idees wat die werklikheid vorm gee, wat bepaal hoe die werklikheid deur die mens waargeneem en geïnterpreteer word (Chomsky, 1975:130-131). Hier moet weer soos vroeër (vgl. 4.1) gestel word dat die menslike rede nie absoluut ongebonde is nie – dit is vry binne perke van die waargenome werklikheid. 'n Kind leer immers nie Engels aan uit blootstelling aan Russies nie. Alhoewel die ingebore taalverwerwingsvermoë dus die leidende funksie vervul in taalverwerwing, is dit nie onafhanklik van taalstimuli nie.

Dit is ook interessant om te let op die verhouding wat die TGG veronderstel tussen die menslike rede en die ander aspekte van die menslike wese. In die klassieke formulering van die aangepasde standaardweergawe van die struktuur van die TGG beweer Chomsky (1965:16) dat die grammatika uit drie komponente bestaan, naamlik die sintaktiese, die semantiese en die fonologiese. Uit sy bespreking is dit duidelik dat al drie hierdie komponente, as dele van die ingebore talige vermoë van die mens, in die rede van die mens gesetel is. Die talige vermoë van die mens word dus nie hier in verband gebring met die res van die mens se wese nie. In die latere weergawes van die TGG wat grootliks op hierdie klassieke formulering gebaseer is, is dus ook nie veel aandag (indien enige) gegee aan die fisiologies-anatomiese en sosiale aspekte van die taalvermoë van die mens nie. Selfs in die standaardwerk oor die generatiewe fonologie van Chomsky en Halle (1968) word baie min aandag gegee aan die fisiologies-anatomiese basis en sosiale toepassing van spraak. Heelwat later het Chomsky die tekorte van so 'n beperkte taalbeskouing besef en het hy begin vra na die verhouding tussen hierdie redelike vermoë van die mens en die res van die menslike natuur. Chomsky (1988:3) vra byvoorbeeld na die fisiese (bedoelende fisiologies-anatomiese) meganismes wat menslike spraak onderlê. Hierdie terloopse erkenning van die ander fasette van die menslike natuur en die verhouding daarvan tot die talige vermoë van die mens het egter baie min invloed gehad op die basiese werkswyse van die TGG en op die grammatikas wat deur die TGG vir verskillende tale geformuleer is. Dit kan dus in die algemeen gesê word dat die TGG nie die volle menslike natuur en ook nie die vervlegte eenheid van die verskillende fasette van die menslike natuur verreken nie.

Uit hierdie drie vooronderstellinge van die ingeborenheid-hipotese kan die volgende tentatiewe en onvolledige mensbeskouing vir die TGG geformuleer word: die mens is wesenlik onderskeibaar van die dier op grond van sy redelike eienskappe waaronder sy ingebore talige vermoë een van die vernaamste is. Die mens is die vormgewende party in die verhouding van mens tot werklikheid – die ingebore idees van die mens bepaal (binne perke) hoedat hy die werklikheid struktureer en waarneem; die werklikheid bepaal nie die struktuur van die menslike rede nie. Alhoewel daar tentatief erken word dat die mens nie net rede is nie, is daar nie bewys daarvan dat die ander fasette van die menslike natuur in die praktiese toepassing van die TGG vergestalt word nie. Die TGG beskou dus in 'n sekere sin die mens as wesenlik rede.

## 5. Enkele tersaaklike onderwerpe uit Dooyeweerd se filosofie

In hierdie afdeling van die artikel word aspekte uit Dooyeweerd se filosofie bespreek. Alleen daardie aspekte wat ter sake is vir 'n beoordeling van die vooronderstellinge van die TGG soos geformuleer hierbo (vgl. 4.) word bespreek.

### 5.1 Radikale onderskeid tussen mens en dier

Dooyeweerd handhaaf 'n radikale onderskeid tussen die mens en die dier. Hierdie onderskeid word vergestalt in vele aspekte van die mens se wese. Die belangrikste hiervan is dat die mens 'n religieuse hart het waaroor die dier nie beskik nie. 'n Tweede verskil tussen mens en dier is die normatiewe aard van die mens teenoor die instinktiewe aard van die dier. Hierdie verskille word nou in omgekeerde volgorde bespreek:

Dooyeweerd onderskei twee funksies wat 'n skeppingsentiteit binne 'n spesifieke modaliteit kan hê, naamlik dié van objek en dié van subjek.[11] 'n Entiteit het 'n subjeksfunksie in 'n modaliteit indien dit onderhorig is aan die wette wat vir daardie modaliteit geld – dit wil sê indien dit in staat is om die wette te gehoorsaam. 'n Entiteit het 'n objeksfunksie in 'n modaliteit indien dit nie in staat is om die wette van die modaliteit te gehoorsaam nie, maar wel in daardie modaliteit die objek kan wees van 'n ander entiteit wat wel die wette van die modaliteit kan gehoorsaam. So byvoorbeeld het 'n klip 'n subjeksfunksie in die ruimtelike modaliteit (dit beslaan immers ruimte). Dit beskik egter nie oor 'n subjeksfunksie in die kinematiese modaliteit nie (dit kan

11 Hierdie onderskeid word op verskeie plekke deur Dooyeweerd bespreek. Vergelyk egter veral Dooyeweerd (1955:366 e.v.) waar hy sy onderskeid tussen subjek en objek verdedig teen verskeie ander filosofiese strominge in die geskiedenis.

immers nie op sigself beweeg nie). Dit kan egter die objek wees van 'n ander entiteit (byvoorbeeld 'n mens) wat wel subjek is in die kinematiese modaliteit ('n mens kan immers 'n klip beweeg).

As hierby in ag geneem word dat die modaliteite 'n baie spesifieke volgorde het (die kosmiese tyd), dan is dit duidelik dat die hele skepping baie gestruktureerd is.[12] Die volgorde waarin hierdie modaliteite geplaas word, is ook nie willekeurig nie, maar dit is gerangskik na aanleiding van hulle "toenemende verwikkeling" (Dooyeweerd, 1935:47). Die laere modaliteite vorm dus die basis van die hoëres.

As hierdie onderskeid tussen die subjeks- en objeksfunksies, en die vaste volgorde van die modaliteite in ag geneem word, dan sou die onderskeid tussen mens en dier soos volg geformuleer kon word: die mens is subjek in al dertien modaliteite (van die aritmatiese tot die pistiese) en die dier net in die eerste ses modaliteite (van die aritmatiese tot die psigiese). In die laaste sewe modaliteite (van die logiese tot die pistiese) is die dier bloot objek.[13] Hierby moet gevoeg word dat hierdie onderskeid 'n strukturele onderskeid is. Hierdie modaliteite waarin die werklikheid verdeel word, is inherent in die werklikheid gesetel. Dit is nie iets wat aangeleer word of wat ontwikkel het daartoe nie – dit is 'n *skeppings*werklikheid.[14] Boonop is die verskillende modaliteite onherleibaar tot mekaar. Daar is dus geen manier waarop 'n dier byvoorbeeld met behulp van sy subjeksfunksie die psigiese taal sou kon gebruik nie (aangesien taal hoër

12 Die teorie oor die kosmiese tyd vorm 'n sentrale deel van Dooyeweerd se filosofie en daarom is sy werke deurspek met verwysings daarna en besprekings daarvan. Vergelyk veral Dooyeweerd (1935:47 e.v.) vir 'n teoretiese bespreking van hierdie beginsel in sy filosofie.

13 Vergelyk hier Dooyweerd (1953:5): "There is no single modal aspect of our cosmos in which I do not actually function. I have an actual function in the modal aspect of number, in space, in movement, in physical energy, in organic life, in psychical feeling, in logical thought, in historical development, in language, in social intercourse with my fellowmen, in economic valuation, in aesthetic contemplation or production, in the juridical sphere, in morality and faith."

14 Vergelyk Dooyeweerd (s.a.:10; stelling 29) oor hierdie aangeleentheid: "Er dient dus scherp te worden onderscheiden tusschen de schepping en de tijdelijke wording van de mensch." Dit is met ander woorde nodig om deeglik te onderskei tussen dit wat skeppingsgewys deel van die mens is (sy struktuur) en dit wat hy word (die rigting waarin hy ontwikkel). Die subjeksfunksie van die mens in al die modaliteite is deel van sy skepping (struktuur).

gesetel is). Hierdie strukturele onderskeid tussen mens en dier kan dus op geen manier ongedaan gemaak word nie.

Wat is dan die implikasies van hierdie fundamenteel verskillende funksies van mens en dier in die verskillende modaliteite? Dooyeweerd (s.a.:5; stelling 14) beweer dat die subjeksfunksie van die mens in die laaste sewe modaliteite (sy akt-struktuur) van hom 'n intensionele wese maak. Hy is dus 'n normatiewe wese. Die dier daarenteen is natuurwetmatig en instinkgedrewe. Dooyeweerd (s.a.:8; stelling 23) sê dat daar van "wils-acte" by die dier geen sprake is nie.

Die vernaamste onderskeid tussen mens en dier is egter geleë in die religieuse hart of wortel van die mens – iets waaroor die dier nie beskik nie. Die menslike wese waarna hierbo verwys is (as subjek in al dertien modaliteite) is in sy geheel tydelik gebonde – dit is immers geheel aan die kosmiese tyd onderworpe. Dooyeweerd (s.a.:2; stellings 4 en 5) beweer egter dat die Bybel 'n aspek van die menslike wese onderskei wat bo die tydelike verhewe is. In die Bybel word hierdie aspek die "siel" van die mens genoem. Omdat Dooyeweerd reageer teen die dualistiese wêreldbeeld van die Griekse filosofie is dit veiliger om eerder die term "hart" of "wortel" te gebruik. Dit is vanuit hierdie religieuse wortel dat alle menslike aktes uitgaan (s.a.:7; stelling 20). Dit is net in hierdie bo-tydelike sentrum van die mens dat die mens werklik tot mens kan kom. Hierdie bo-tydelike religieuse sentrum ontbreek heeltemal by die dier (s.a.:8; stelling 22). Daarom is die dier geheel en al tydelik gebonde en is daar vir die dier nie lewe na die dood nie.

## 5.2 Die struktuur van die mens

Volgens Dooyeweerd (s.a.:4; stelling 10) is die mens "opgebouwd als een enkaptisch geheel in een viertal individualiteitsstructuren, waarvan telkens de lagere in de hoogere morphologisch gebonden zijn". Die vier individualiteitstrukture wat Dooyeweerd onderskei is die volgende (s.a.:4-6; stellings 12-14): (i) Die fisies-chemiese (dus die eerste vier modaliteite). (ii) Die biotiese (die vyfde modaliteit). (iii) Die psigiese (die sesde modaliteit). (iv) Die akt-struktuur (die modaliteite van die sewende boontoe, d.i. van die logiese tot die pistiese). Dit is dus duidelik dat hierdie vier individualiteitstrukture van die mens gebaseer is op die modaliteite en dat die verskillende vlakke daarvan van mekaar afhanklik is (soos ook die hoëre modaliteite van die laeres).

Dit is belangrik om te verstaan wat bedoel word met enkapsis binne die modaliteiteleer. Enkapsis moet skerp onderskei word van die verhouding wat daar bestaan tussen 'n geheel en sy dele (Kalsbeek, 1975:272). Daar bestaan nie 'n enkaptiese verhouding tussen die hart en die liggaam as geheel nie, aangesien die hart nie 'n werklike individualiteitstruktuur is nie – die hart het nie 'n leidende funksie onafhanklik van die liggaam nie. Enkapsis is die

verhouding wat daar bestaan tussen twee of meer individualiteitstrukture wat elk oor 'n eie selfstandige leidende funksie beskik. Die verhouding tussen diere, plante, grond en lug binne 'n ekosisteem is dus wel 'n enkaptiese verhouding. Wanneer Dooyeweerd die mens beskryf as 'n enkaptiese geheel, bedoel hy nie dat die mens as geheel bestaan uit sekere identifiseerbare organe en ledemate nie (dit is ook waar, maar dit is nie wat met enkapsis bedoel word nie). Met enkapsis bedoel hy dat die mens as fisiese objek selfstandig bestaan, dat die mens as lewende wese selfstandig bestaan, dat die mens as voelende wese selfstandig bestaan en dat die mens as akt-wese selfstandig bestaan; maar dan ook dat hierdie vier bestaanswyses 'n vervlegte eenheid vorm en dat slegs die vier saam 'n mens vorm. Boonop is die hoëre strukture van die laeres afhanklik. Die mens kan nie lewe sonder 'n fisiese liggaam nie. Sonder lewe kan die mens nie voel nie. Sonder die eerste ses modaliteite kan die mens geen een van die tipiese aktes uitvoer nie.

Hierdie vier enkapties verlegte individualiteitstrukture van die mens vorm boonop nie 'n selfstandige mens nie. Dit is net in hulle eenheid in die religieuse hart of wortel van die mens dat die individualiteitstrukture verenig word om 'n volkome mens te vorm. Die volle mens realiseer net "in de eenheid van ziel [i.e. hart of wortel – AWC] en lichaam" (Dooyeweerd, s.a.:7; stelling 20).

Die mens is dus 'n interafhanklike, vervlegte enkaptiese geheel wat net in die eenheid van die individualiteitstrukture in die religieuse hart van die mens werklik verwesenlik word. Dit alles beteken dat die mens nie kan dink sonder die fisies-chemiese struktuur nie (denke impliseer immers sekere chemiese reaksies in die brein). Net so kan die mens nie praat sonder die fisies-chemiese struktuur nie. Om te praat moet die mens tog 'n fisiese liggaam hê om die klanke mee te kan produseer. Al hierdie dinge kan weer nie ongebonde of ongerig geskied nie. Deur die mens se religieuse hart is al sy aktes altyd gerig op 'n hoëre afhanklikheid.

### 5.3 Die kenverhouding tussen die mens en die res van die werklikheid

Die epistemologiese vraag na die wyse waarop die mens kennis verkry, neem 'n baie sentrale plek in Dooyeweerd se filosofie in.[15] Hier word net aandag gegee aan 'n klein gedeelte van sy epistemologiese teorie, naamlik daardie deel wat

15 Hy het breedvoerig daaroor geskryf, veral in sy *A New Critique of Theoretical Thought*, en hierin dan veral in die tweede gedeelte van deel II (Dooyeweerd, 1955:429-598).

relevant is vir vergelyking met die bespreking van die TGG. Die volgende vraag geniet aandag: Wat is die onderskeie rolle wat gespeel word deur die menslike rede (die kensubjek) en die werklikheid (die kenobjek) in die proses van kennisverwerwing?

Hierdie is sekerlik die mees sentrale vraag in die epistemologie. Is dit die waargenome werklikheid wat die vorm van die kennis bepaal (met ander woorde maak die rede bloot 'n kopie van die werklikheid), of is dit die waarnemende rede wat die vorm van die kennis bepaal (met ander woorde word die werklikheid gestruktureer deur die struktuur van die rede)? In 'n sekere sin moet op albei vrae positief en negatief geantwoord word binne Dooyeweerd se filosofie. Nóg die waargenome werklikheid, nóg die menslike rede bepaal selfstandig die vorm van die kennis.

Dooyeweerd is baie krities op Kant se epistemologie. Sy hele bespreking van die epistemologiese probleem in deel II van *A New Critique of Theoretical Thought* (1955:427 e.v.) is deurspek met verwysings na en kritiek op Kant. Een aspek van Kant se teorie wat deur Dooyeweerd verwerp word, is sy veronderstelling van vorme van rede (kategorieë) en vorme van intuïsie (*Anschauungsformen*) waarmee die mens as *a priori* keninstrumente na die wêreld gaan en dan daarmee die *Gewühl der Empfindungen* orden (Kalsbeek, 1975:172-173). Dooyeweerd verwerp dus die idee dat die struktuur van die menslike rede die alleenvormer van kennis is. Vir Dooyeweerd is die kenobjek (die waargenome werklikheid) ook onderworpe aan die kosmiese wet. Die menslike rede kan dus nie 'n struktuur aan die werklikheid gee wat in stryd is met hierdie kosmiese wetstruktuur daarvan nie. Hierdie struktuur wat die werklikheid vertoon as gevolg van die gehoorsaamheid aan die kosmiese wet is wat Dooyeweerd die strukturele horison van menslike ervaring noem (1955:542 e.v.). Die mens neem waar binne hierdie struktuur en kan geen kennis opdoen wat nie daarbinne inpas nie, dit wil sê wat nie aan die kosmiese wet gehoorsaam is nie. Hierdie waarnemingshorison is dus 'n *a priori* gegewe vir kennisvorming deur die mens. Kalsbeek (1975:174) omskryf die invloed hiervan op kennisvorming soos volg: "Human knowledge is bound to these a prioris and can neither add anything to them nor take anything away from them." Die menslike rede alleen gee dus nie vorm aan die kennis nie, maar ook die waargenome werklikheid omdat die waargenome werklikheid die kosmiese wet moet gehoorsaam.

Aan die ander kant staan die menslike rede ook nie verhef bo die kosmiese wet nie. Die menslike rede is ook deel van die geskape werklikheid en moet dus ook die skeppingswet gehoorsaam. Die kenaksie is primêr gesetel in die logiese modaliteit en word as sodanig gelei deur die wette wat geld vir hierdie modaliteit. Die eise wat deur die kosmiese wet aan die logiese modaliteit gestel

word, bepaal dus ook die kennisverwerwingsproses en net so ook die vorm van die uiteindelike kennis. Die menslike rede (in soverre as wat dit met die logiese modaliteit geïdentifiseer kan word) is dus medebepalend vir die vorm van die verworwe kennis. Ook die struktuur en funksionering van die rede in gehoorsaamheid aan die wette van die logiese modaliteit bepaal die struktuur van die kennis.

Deur die modaliteiteleer en die leer van die kosmiese wet ontkom Dooyeweerd dus in 'n sekere sin die problematiese epistemologiese vraag. Die kenobjek (die waargenome werklikheid) en die kensubjek (die mens) is onderworpe aan die kosmiese wet. As gevolg van die enkaptiese verhouding tussen die twee kan hulle ook nie rigied geskei word nie. Gevolglik is dit nie die een of die ander wat onafhanklik optree in die kennisverwerwingsproses nie, maar die twee saam in gehoorsaamheid aan die kosmiese wet.

## 6. Beoordeling van die vooronderstellings van die ingeborenheid-hipotese van die TGG in die lig van Dooyeweerd se filosofie

In hierdie afdeling van die artikel word die vooronderstellinge wat die ingeborenheid-hipotese van die TGG onderlê, beoordeel in die lig van daardie aspekte van Dooyeweerd se filosofie wat vroeër bespreek is. Hierdie beoordeling behels hoofsaaklik 'n vergelyking tussen die twee ten einde te bepaal in hoe 'n mate die TGG se vooronderstellinge versoenbaar is met Dooyeweerd se filosofie. Standpunte van die TGG of van Dooyeweerd word nie weer gedokumenteer in hierdie afdeling nie, aangesien dit gekontroleer kan word in die voorafgaande twee afdelings.

### 6.1 Onderskeid tussen mens en dier

Sowel in die TGG as in die Dooyeweerdiaanse filosofie word 'n definitiewe onderskeid tussen mens en dier gehandhaaf, en vir albei strominge is hierdie onderskeid 'n strukturele onderskeid – dit is gegrond op 'n wesensverskil en nie op 'n aangeleerde of verworwe verskil nie.

Hierbo is twee gronde genoem op grond waarvan Dooyeweerd mens en dier onderskei, naamlik die subjek- en objeksfunksies in die verskillende modaliteite en die religieuse hart van die mens. Die TGG se onderskeid tussen mens en dier kan met die eerste hiervan geïdentifiseer word. Die TGG verreken egter geensins die religieuse hart van die mens nie.

Dooyeweerd onderskei tussen die mens en die dier onder andere op grond daarvan dat die mens in al die modaliteite as subjek optree en die dier net tot by die psigiese modaliteit. In die TGG word die onderskeid getref op grond van

die feit dat die dier nie oor die ingebore talige vermoë beskik nie en dus nie taal kan aanleer of gebruik nie. Alhoewel albei strominge dus 'n strukturele onderskeid tussen mens en dier veronderstel, wil dit voorkom of dit op verskillende gronde gedoen word – in welke geval dit nie 'n werklike ooreenkoms is nie. Hier word voorgehou dat die TGG se onderskeid tussen mens en dier wel met dié van Dooyeweerd met betreking tot subjek- en objeksfunksies geïdentifiseer kan word. Omdat die TGG nie bewustelik binne die raamwerk van Dooyeweerd se filosofie werk nie (en omdat die TGG 'n ander doel voor oë het as Dooyeweerd se filosofie) formuleer dit hierdie onderskeid anders. Die verskil tussen die TGG en Dooyeweerd is dus op hierdie punt eerder een van terminologie as van beginsel. Die TGG kan ook getipeer word as 'n *mentalistiese* teorie as gevolg van die groot klem wat dit lê op die redelike aspek van taalbeheersing (die ingebore talige vermoë van die mens is ook in die *rede* gesetel). Dit is dus omdat die mens rede het (en die dier nie), dat die mens taal kan gebruik (en die dier nie).[16] Binne die TGG is die rede dus die grondverskil tussen mens en dier.

Alhoewel die talige vermoë van die mens binne die Dooyeweerdiaanse modaliteiteleer gesetel is in die linguale modaliteit (dit wil sê die linguale is die leidende modaliteit van taal), is dit ook waar dat die logiese modaliteit die funderende modaliteit van taal is. Vergelyk hier wat Ouweneel (1986:162) sê in sy bespreking van Dooyeweerd se taalbeskouing: "De taal is gefundeerd in het denken ...". Binne Dooyeweerd se filosofie is die logiese modaliteit boonop die eerste modaliteit waarin die mens steeds subjek is terwyl die dier bloot objek is. Dit is dus ook die fondament van die Dooyeweerdiaanse onderskeid tussen mens en dier. Dit wil dus voorkom of Chomsky en Dooyeweerd hier tog basies dieselfde gronde aanlê vir die onderskeid tussen mens en dier.[17]

---

16 Hier kan verwys word na Custance (1994:304-305, 307-309) wat uitvoerig aantoon dat dierlike kommunikasie nie met menslike talige kommunikasie vergelykbaar is nie. Die twee kommunikasiemetodes verskil nie net gradueel nie ('n evolusionistiese standpunt) maar struktureel. Die vernaamste verskil tussen die twee is dat dierlike kommunikasie onbewustelik (instinktief) is, terwyl die mens bewustelik kommunikeer – dit wil sê die mens gebruik taal met 'n bewuste doel voor oë. Hierdie bewussyn as vereiste vir talige kommunikasie wys weereens op die belangrike rol wat die rede in taal speel.

17 Hierdie vergelyking is gedoen vanaf die laere na die hoëre modaliteite. Dit is natuurlik ook moontlik om die vergelyking van die hoëre na die laere modaliteite te doen. In Dooyeweerd se filosofie is die subjektiewe funksie van die mens in die pistiese modaliteit 'n wesenskenmerk van die mens en 'n wesensgrond vir die

Dooyeweerd se primêre onderskeid tussen mens en dier is egter gegrond op die feit dat die mens 'n religieuse gerigtheid van hart het, wat die dier nie het nie. Hierdie religieuse gerigtheid van die mens en van al sy aktes word glad nie in die TGG verdiskonteer nie. Om hierdie rede moet gesê word dat die TGG nie die volle wese van die mens erken nie en dat die mens nie skerp genoeg van die dier onderskei word in die TGG nie.

## 6.2 Die eenheid tussen verskillende "dele" van die mens

Hierbo is verduidelik dat die mens binne Dooyeweerd se filosofie bestaan uit 'n enkaptiese geheel van vier individualiteitstrukture. Die menslike wese sluit dus die fisiologies-anatomiese, die psigologiese, redelike, sosiale, ensovoorts in. Boonop is hierdie vier individualiteitstrukture nog verenig in die religieuse hart van die mens. Die TGG daarenteen lê soveel klem op die redelike van die mens dat die mens in 'n sekere sin binne hierdie teorie net rede is.[18] Die terloopse erkenning van die ander aspekte van menswees is oppervlakkig en het geen werklike invloed op die praktiese toepassing van hierdie teorie nie. As die veelheid van die menslike natuur nie eens werklik erkenning geniet in die TGG nie, is dit logies dat die eenheid van die vele aspekte ook nie daarin verdiskonteer sal wees nie. Die TGG verskraal dus die mens tot 'n suiwer redelike wese.

## 6.3 Die kenverhouding tussen mens en werklikheid

Binne Dooyeweerd se filosofie geld dit dat die kosmiese wet waaraan die hele geskape werklikheid onderworpe is die vorm van verworwe kennis bepaal. Sowel die kenobjek (die werklikheid) en die kensubjek (die redelike mens) het dus 'n vormende aandeel in die verwerwing van kennis aangesien albei partye

onderskeid tussen mens en dier. In Chomsky se taalteorie figureer hierdie eienskap van die mens natuurlik glad nie. Daar bestaan dus bloot 'n ooreenkoms tussen die teorieë van Chomsky en Dooyeweerd, en nie 'n identifikasie van teorieë nie.

18 Vergelyk in hierdie verband De Bruto (1981:61-62) wat die TGG tipeer as 'n onmenslike model waarmee hy impliseer dat die mens nie sy regmatige plek in hierdie model inneem nie. Hy tipeer dit ook as 'n taalwetemodel waarmee hy bedoel dat dit net fokus op die taalgebruiker se kennis van taal (dus die redelike aspek van taal) en dat die sosiale gebruik van taal buite rekening gelaat word. Volgens hom fokus dit dus net op een modaliteit en nie op die totaliteit van taal nie. Ook Verburg (1971:281) het 'n soortgelyke idee as hy beweer dat die semantiese en foniese elemente van taal in die TGG neweskikkend gehanteer word.

as deel van die geskape werklikheid aan die kosmiese wet onderworpe is. In die taalverwerwingsproses maak Chomsky ook voorsiening vir die aandeel van sowel die kensubjek (die menslike rede) as die kenobjek (die taal wat aangeleer word). Die ingebore talige vermoë van die mens plaas 'n beperking op wat as taal aangeleer kan word en bepaal so die vorm van die taal wat aangeleer word. Die taalstimuli is egter medebepalend van die uiteindelike talige vermoë – blootstelling aan Engelse stimuli kan immers nie lei tot die verwerwing van Russies nie. Dit wil dus voorkom asof die TGG se taalteorie op hierdie punt grootliks ooreenstem met Dooyeweerd se filosofie.

## 7. Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat daardie vooronderstelings van die TGG wat in hierdie artikel bespreek is nie heeltemal met Dooyeweerd se filosofie te versoen is nie. Die feit dat sowel Dooyeweerd as die TGG 'n onderskeid tref tussen mens en dier kan nie dien om die TGG as geheel te regverdig nie – veral aangesien die TGG nie Dooyeweerd se fundamentele grond vir hierdie onderskeid verreken nie. Wat die struktuur van die mens betref, is dit duidelik dat die TGG 'n skewe beeld van menswees teken. Menswees word verskraal tot 'n eenduidige redelik-rasionele bestaan wat soms toevallig met ander aspekte soos die anatomies-fisiologiese en sosiale verbind word.

Wat kennisverwerwing betref, moet wel erken word dat die TGG en Dooyeweerd in breë trekke dieselfde standpunt handhaaf. Hierdie standpunt moet egter nie gebruik word om te probeer aantoon dat die TGG 'n Christelike taalmodel is nie. Hierdie ooreenkoms is eerder geleë in die rasionalistiese wortels van sowel die TGG as Dooyeweerd se filosofie.

Hierdie artikel wil ook nie impliseer dat die TGG as geheel verwerp moet word nie. Drie van die vele vooronderstellinge van TGG is hier bespreek. Vele ander aspekte daarvan kan nog ondersoek en getoets word aan 'n Bybelse standpunt. Moontlik is daar baie ander aspekte wat meer versoenbaar sou wees met Dooyeweerd se filosofie. Dit moet ook erken word dat die TGG wel baie vrugbaar toegepas word op vele tale en dat die model dus van groot pragmatiese waarde is. Die tekorte in die model moet egter erken word en daar moet daarom voortdurend gewerk word om hierdie tekorte te verbeter, of om 'n ander en beter model daar te stel.

## Bibliografie

ATKINSON, M., KILBY, D. & ROCCA, I. 1982. Foundations of general linguistics. London : George Allen & Unwin.

CHOMSKY, N. 1965. Aspects of the theory of syntax. Cambridge : MIT.

CHOMSKY, N. 1966. Cartesian linguistics: a chapter in the history of rationalistic thought. New York : Harper & Row.

CHOMSKY, N. 1971. Topics in the theory of generative grammar: assumptions and goals. (*In* Searle, J.R., *ed.* The philosophy of language. London : Oxford University. p. 121-129.)

CHOMSKY, N. 1975. Reflections on language. London : Temple Smith.

CHOMSKY, N. 1988. Language and problems of knowledge: the Managua lectures. Cambridge : MIT.

CUSTANCE, A.C. 1994. Who taught Adam to speak? *Koers*, 59(2):303-318.

DE BRUTO, H.F. 1981. Die mens in die taalkunde. (*In* Van der Merwe, N.T., *red.* Interpretasie en oordeel: 'n bundel opstelle uit die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Potchefstroom : PU vir CHO. p. 50-65. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks J, nr. 1, bd. 2.)

DESCARTES, R. 1647. Notes directed against a certain programme. (*In* Haldane, E.S. & Ross, G.R.T., *eds.* 1911. The philosophical works of Descartes. In two volumes. Volume I. Cambridge : University Press. p. 429-450.)

DOOYEWEERD, H. s.a. De leer van de mensch in de wijsbegeerte der wetsidee. s.l. : s.n.

DOOYEWEERD, H. 1935. De wijsbegeerte der wetsidee. Boek II: De functioneele zin-structuur der tijdelijke werkelijkheid en het probleem der kennis. Amsterdam : Paris.

DOOYEWEERD, H. 1953. A new critique of theoretical thought. Volume I: The necessary presuppositions of philosophy. Amsterdam : Paris.

DOOYEWEERD, H. 1955. A new critique of theoretical thought. Volume II: The general theory of the modal spheres. Amsterdam : Paris.

FERNHOUT, H. 1975. Man, faith, and religion in Bavinck, Kuyper, and Dooyeweerd. Toronto : Institute for Christian Studies. (Dissertation – M.A.)

HACKING, I. 1975. Why does language matter to philosophy? Cambridge : Cambridge University.

KALSBEEK, L. 1975. Contours of a Christian philosophy: An introduction to Herman Dooyeweerd's thought. Toronto : Wedge Publishing Foundation.

LEIBER, J. 1991. "Cartesian" linguistics? (*In* Kasher, A.S.A., *ed.* The Chomskyan turn. Oxford : Basil Blackwell. p. 150-181.)

LOCKE, J. 1825. (Oorspronklik 1690.) An essay concerning human understanding. 25th edition. London : Davison.

OUWENEEL, W.J. 1986. De leer van de mens: Proeve van een christelijk-wijsgerige antropologie. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

VERBURG, P.A. 1971. De mens in de taalkunde. (*In* Bingle, H.J.J., *e.a.*, *samest.* Waarheid en werklikheid: Wysgerige perspektiewe op die werklikheid. Opgedra aan professor dr. H.G. Stoker. Braamfontein : De Jong. p. 262-282.)